PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. *5 Junie 2022*

Vanoggend

Skrifgedeelte: Johannes 14:15-31 (vers 23)
Tema: Smag na God se teenwoordigheid
Jesus beloof hier op verskillende maniere dat Hy, die Vader én die Gees by ons en in ons is. Dat die drie-enige God deel van ons lewe is en wil wees. Dat God by ons is, elke dag, as Vader om ons te bewaar en te beskerm, as Seun om ons Leidsman te wees, en as Gees om ons Voorspraak te wees.

Ons Program

Vandag: Pinksterfees

- **Formele Erediens** om 9:30 (kerk) olv ds. Jaco
- **Sondagskool & Kategese**
- **Deuroffer**: Bedieningsmateriaal

Dinsdag 7 Junie

- **Normaalklas** om 18:00 in die konsistorie: Gesprek 11, Joh 21

Sondag 12 Junie: Drie-eenheidsondag

- **Informele Erediens** om 9:30 (kerk)
- **Sondagskool & Kategese**
- **Deuroffer**: Jeugbediening

Ons Bybellees-program

Ons lees tans die boek Hebreërs. Vandag lees ons Hebreërs 1.

Só glo ons

Nederlandse Geloofsbelydenis Art 11

Ons glo en bely ook dat die Heilige Gees van ewigheid van die Vader en die Seun uitgaan; dat Hy nie gemaak of geskep of gebore is nie maar van albei slegs uitgaan; dat Hy in orde die derde Persoon in die Drie-eenheid is; dat Hy van een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun is; dat Hy inderdaad ware en ewige God is, soos die Heilige Skrif ons leer.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n jaar vol van die Here se seëninge en genade vir elkeen van julle wees.

Junie 6 Kotie du Preez (81j)
8 Martiné du Toit
9 Morné Nienaber
11 San-Marie Groenewald

Huweliksherdenking

Junie 9 André & Elize Barnard (43j)

Voorbidding

- Dr Hercule Strauss (in ICC ná hartaanval)
- Die familie van oom Gert van der Merwe, wat vandeesweek onverwags oorlede is. Die dankdiens was gister.
- Michael Oertel (kolon)
- die mense van KwaZulu-Natal
- die erge droogte en watertekort in die Oos-Kaap
- die mense van Oekraïne

Leraar: **Jaco Thom** 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor: **Madette Lombaard** 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: **Elmien Thom** 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: **Annamarie Dercksen** 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf www.ngkerkpetrusburg.co.za *facebook* NG Kerk Petrusburg
Kantoorure Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
Bankrekening ABSA Tjekrekening 2610580001